basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LEWENSORIËNTERING

## ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK

## SEPTEMBER 2023

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

2. Die vrae in AFDELING A en AFDELING B is verpligtend.

3. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING C.

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 'n Studiestrategie wat jou kan help om doeltreffend te studeer, kan insluit om …

A binne 'n verkorte tydperk te studeer.
B die toepaslike studiemateriaal te hê.
C oor 'n langer tydperk te studeer.
D uitgebreide voorbereidingstyd te gebruik.

1.1.2 Die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV/'LRA'), 1995 (Wet 66 van 1995) maak voorsiening vir die ontslag van werkers gebaseer op …

A die beleid om ongelykhede reg te stel.
B die wet op regstellende aksie.
C bewyse van ongelyke geslagsrolle.
D 'n werker se algehele funksionering.

1.1.3 'n Voorbeeld van verduistering kan wees om …

A die maatskappy se bronne vir persoonlike gewin te gebruik.
B 'n kontrak toe te staan sonder om prosedures te volg.
C betaling te ontvang om iemand toe te laat om te steel.
D vergoeding by 'n gekontrakteerde diensverskaffer te eis.

1.1.4 Om 'n kwessie in 'n eksamenvraestel te bespreek, beteken om …

A die belangrikheid van iets te bepaal.
B te wys hoe verskillende dele in mekaar pas.
C jou redeneringsvermoëns te demonstreer.
D die presiese betekenis van konsepte te gee.

1.1.5 Die regering het 'n plig om vryheid van spraak tot 'n sekere mate te beperk …

A om burgers teen hofsake te beskerm.
B vir redes ten opsigte van openbare beginsels.
C om 'n godsdienstige praktyk te bevorder.
D om openbare uitsending te bestuur. (5 x 1) (5)

1.2 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Gemeenskaplike oortuigings, gebruike, aktiwiteite, tradisies, waardes, gelowe en idees wat algemeen tot 'n spesifieke groep of samelewing is (1)

1.2.2 'n Sterk gevoel van geskik wees om 'n spesifieke loopbaan, werk, professie of beroep te volg (1)

1.2.3 Die gebruik van tegnologie om iemand doelbewus te teister of te intimideer deur dreigende boodskappe te stuur (1)

1.3 Beantwoord die volgende vrae deur die antwoord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK te skryf. Skryf jou antwoorde in volsinne.

1.3.1 Noem TWEE voordele daarvan om stres op 'n gepaste manier te bestuur, wat die gehalte van jou lewe kan verbeter. (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik die term *nasiebou*. (1 x 2) (2)

1.3.3 Bespreek EEN voordeel van vluglees as 'n leesvaardigheid. (1 x 2) (2)

1.4 Lees die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg. Skryf jou antwoorde in volsinne.

**AANPASSING BY GROEI EN VERANDERING IN 'N GEGLOBALISEERDE WÊRELD**

Jongmense vandag leef in 'n dinamiese en geglobaliseerde[1] wêreld waar verandering onvermydelik is. Daarom moet hulle hulself voorberei op 'n inklusiewe, globale[2] en volhoubare[3] wêreld van werk.

**Woordelys:**
[1]geglobaliseerde: idees, kennis, inligting, goedere en dienste wat regoor die wêreld gedeel word
[2]globale: wêreldwye/internasionale
[3]volhoubare: om oor 'n tydperk voort te bestaan

[Aangepas uit www.qs-gen.com. Toegang op 03/01/2023 verkry.]

1.4.1 Verduidelik wat dit beteken *om in sosiale omstandighede by veranderinge aan te pas*. (1 x 2) (2)

1.4.2 Bespreek EEN voordeel vir jou loopbaanontwikkeling om in 'n geglobaliseerde wêreld te leef. (1 x 2) (2)

1.4.3 Stel EEN manier voor waarop jy jouself kan voorberei om suksesvol by globale veranderinge in die wêreld van werk aan te pas. Motiveer jou antwoord. (1 x 2) (2)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. Skryf jou antwoorde in volsinne.

## VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LANGTERMYNDEELNAME AAN FISIESE AKTIWITEITE**
***VOORKOMING VAN LEEFSTYLSIEKTES***

Daar is bewys dat een van die grootste gesondheidsuitdagings wêreldwyd is om fisies onaktief te wees, wat tot leefstylsiektes lei. Ten spyte van die feite oor die voordele daarvan om fisies aktief te wees, is 'n onaktiewe leefstyl en die negatiewe gevolge daarvan wêreldwyd steeds kommerwekkend.

Navorsing het getoon dat jou energievlakke verhoog kan word deur fisies aktief te wees. Dit kan ook help met die voorkoming van leefstylsiektes en verhoed dat mense hulle tot skadelike middele wend wanneer hulle die uitdagings van die lewe in die gesig staar.

Onlangse navorsing in Suid-Afrika het ook bevind dat daar verskeie faktore is wat mense se deelname aan fisiese aktiwiteite beïnvloed. Dit sluit intrapersoonlike, interpersoonlike, omgewings- en sosiale faktore in.

Om tot 'n aksieplan verbind te wees, kan help om te verseker dat jy jou gesondheid verbeter; om 'n behoorlike plan van aksie te hê, is egter belangrik.

[Aangepas uit www.openpublichealthjournal.com. Toegang op 02/01/2023 verkry.]

2.1 Definieer die term *leefstylsiektes*. (1 x 2) (2)

2.2 Beskryf EEN manier hoe om deel te wees van 'n fiksheidsgroep jou kan motiveer om toegewyd aan fisiese aktiwiteite deel te neem. (1 x 2) (2)

2.3 Verduidelik EEN omgewingsfaktor wat jou kan ontmoedig om aan fisiese aktiwiteite deel te neem. (1 x 2) (2)

2.4 Bespreek hoe langtermyndeelname aan fisiese aktiwiteite jou energievlakke kan verhoog. (2 x 2) (4)

2.5 Hoe kan jy, deur fisies aktief te wees, verhoed dat jy jou tot skadelike middele wend wanneer jy die uitdagings van die lewe in die gesig staar? (2 x 2) (4)

2.6 Assesseer die belangrikheid van behoorlike beplanning wanneer jy jou verbind tot 'n aksieplan om jou gesondheid te verbeter. Dui ook in ELKE antwoord aan hoe dit die kanse kan verhoog om jou plan suksesvol uit te voer. (2 x 3) (6)
**[20]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE JEUG: TEKORT AAN VEREISTE VAARDIGHEDE**
***WERWINGSTENDENSE***

Die meeste Suid-Afrikaanse naskoolse jeug sukkel steeds om geskikte werk te kry, hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort aan die vereiste vaardighede en hulle onvermoë om tred te hou met die nuutste werwingstendense in die arbeidsmark.

Werwingstendense verander met verloop van tyd. Die verwagtinge van maatskappye, menslikehulpbronwerwers en kandidate verander voortdurend, wat beteken dat 'n mens dienooreenkomstig by hierdie veranderinge moet aanpas.

Die algemeenste bekommernis wat werkgewers oor jong werksoekers het, is dat hulle moontlik nie besef nie dat hulle hoofsaaklik self hulle kanse om werk te kry, belemmer. Werkgewers is ook van mening dat die meeste jongmense wat werk kry, meer bereidwillig moet wees om hulle vaardighede in die werk te verbeter.

Nog 'n kommerwekkende kwessie is dat jong werksoekers nie tred hou met die werwingstendense wat deur werwers gebruik word nie.

Jong werksoekers moet ook die belangrikheid daarvan besef om 'n persoonlike handelsmerk te hê, dit wil sê 'n persoonlike en unieke manier waarop hulle hulself in die hedendaagse wêreld van werk kan bemark.

[Aangepas uit https://job-hunt.org. Toegang op 07/01/2023 verkry.]

3.1 Definieer die term *werwingstendense*. (1 x 2) (2)

3.2 Beskryf EEN manier waarop jong werksoekers hulle kanse kan belemmer om vir 'n onderhoud oorweeg te word. (1 x 2) (2)

3.3 Waarom is dit belangrik dat jong werkers hulle vaardighede in 'n werk voortdurend verbeter? (1 x 2) (2)

3.4 Bespreek TWEE maniere waarop jy, as 'n jong werksoeker, kan verseker dat jy met die nuutste werwingstendense tred hou. (2 x 2) (4)

3.5 Hoe kan jy, deur 'n persoonlike handelsmerk te hê, jou kanse verbeter om 'n werk te kry? (2 x 2) (4)

3.6 Assesseer TWEE voordele van die nuutste tendense in tegnologie wat vir werwingsprosesse gebruik word. Dui ook in ELKE antwoord die voordeel vir jou as werksoeker aan. (2 x 3) (6)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

Jou antwoorde moet uit **paragrawe** bestaan. Punte sal SLEGS toegeken word vir antwoorde wat in volsinne geskryf is.

## VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MENSLIKE FAKTORE WAT SIEKTES VEROORSAAK**
***STEREOTIPERING AS 'N SOSIALE FAKTOR***

Stereotipering[1] as 'n sosiale faktor kan tot die sosiale klassifikasie van andere lei, wat een van die redes is vir die 'hulle'- en 'ons'-ingesteldheid wat sommige mense mag hê. Om mense op hierdie manier te behandel, kan uiteindelik 'n negatiewe impak op die geestesgesondheid van sulke slagoffers hê.

**Woordelys:**
[1]Stereotipering: sluit dikwels in om mense te veroordeel, gebaseer op verskeie faktore, sonder om hulle individuele eienskappe en kenmerke in ag te neem

[Aangepas uit www.simplypsychology.org. Toegang op 04/01/2023 verkry.]

Skryf paragrawe oor ***menslike faktore wat siektes veroorsaak: sosiale faktore***.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Noem kortliks VIER moontlike sosiale faktore wat tot stereotipering kan lei. (4 x 1) (4)
- Analiseer TWEE negatiewe gevolge van 'n sosiale faktor, soos stereotipering, op die geestesgesondheid van slagoffers van stereotipering. (2 x 4) (8)
- Bespreek krities hoe 'n persoon kan bepaal of hy/sy andere dalk onopsetlik stereotipeer. (2 x 4) (8)

**[20]**

## VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ENTREPRENEURSKAP**
***'N INNOVERENDE STRATEGIE OM WERKLOOSHEID TEEN TE WERK***

Innovering en passie is die hart van entrepreneurskap. Dit is belangrik vir entrepreneurs of opkomende entrepreneurs om te verstaan waarom dit belangrik is om innoverend en passievol te wees en hoe dit vir 'n besigheid tot voordeel kan wees. Potensiële entrepreneurs moet ook die denkwyse van 'n entrepreneur aanleer.

[Aangepas uit www.igi-global.com. Toegang op 22/03/2023 verkry.]

Skryf paragrawe oor ***entrepreneurskap***.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Noem kortliks VIER redes waarom entrepreneurs innoverend moet wees. (4 x 1) (4)
- Analiseer TWEE maniere waarop jy die denkwyse van 'n entrepreneur kan aanleer. (2 x 4) (8)
- Bespreek krities hoe 'n jong entrepreneur se passie ander jongmense in sy/haar gemeenskap kan beïnvloed om entrepreneurs te word. (2 x 4) (8)

**[20]**

**VRAAG 6**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERANTWOORDELIKHEID VAN GEMEENSKAPPE OM 'N VEILIGE EN GESONDE LEEFWYSE TE VERSEKER**
***SUID-AFRIKA SE WATERSTELSELS IN KRISIS***

Dit lyk asof waterstelsels oor die hele land nie doeltreffend in stand gehou word nie, wat tot die swak gehalte van water in die meeste gemeenskappe lei. Daar is ook bevind dat die gedrag van gemeenskappe een van die bydraende faktore is wat tot waterbesoedeling lei.

Dit lyk ook asof ingrypingsprogramme, met die doel om 'n veilige en gesonde leefwyse te bevorder, ook nie volhoubaar is nie. Die meeste gemeenskappe poog nou om die plaaslike regering in 'n petisie/versoekskrif[1] te vra vir hulle dringende optrede ten opsigte van die waterkrisis.

**Woordelys:**
[1]petisie/versoekskrif: 'n formele, geskrewe versoek, geteken deur baie mense, aan diegene in magsposisies met eise rakende 'n spesifieke saak

[Aangepas uit http://jamiat.org.za. Toegang op 09/01/2023 verkry.]

Skryf paragrawe oor ***die verantwoordelikheid van gemeenskappe om 'n veilige en gesonde leefwyse te verseker***.

Gebruik die volgende as 'n riglyn:

- Noem kortliks VIER voordele van aanlyn petisies/versoekskrifte aan plaaslike regerings vir dringende optrede ten opsigte van die waterkrisis in gemeenskappe. (4 x 1) (4)

- Analiseer TWEE maniere waarop gemeenskappe saam met plaaslike regering kan werk om waterbronne te help beskerm. (2 x 4) (8)

- Bespreek krities TWEE maniere hoe om die volhoubaarheid te verseker van ingrypingsprogramme wat die doel het om 'n veilige en gesonde leefwyse te bevorder. (2 x 4) (8)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**LEWENSORIËNTERING**

**ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK**

**SEPTEMBER 2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1
1.1.1 C (✓)
1.1.2 D (✓)
1.1.3 A (✓)
1.1.4 C (✓)
1.1.5 B (✓) (5)

1.2
1.2.1 Kultuur/kulturele praktyke (✓) (1)
1.2.2 Roeping (✓) (1)
1.2.3 Kuberboelie/aanlynafknouery (✓) (1)

1.3
1.3.1 **Noem TWEE voordele daarvan om stres op 'n gepaste manier te bestuur, wat die gehalte van jou lewe kan verbeter.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
EEN punt (✓) vir elke antwoord.

Jy kan/mag...
- fisies/emosioneel gesonder voel. (✓)
- 'n beter kans staan om jou doelwitte te bereik. (✓)
- in staat wees om beter/gesonder verhoudings te bou en handhaaf. (✓)
- sielkundige probleme vermy. (✓)
- 'n gelukkiger mens word/'n minder stresvolle lewe leef/meer sorgvrye lewe leef/minder bekommernisse hê /minder angstig wees. (✓)
- in staat wees om beter/meer rasionele besluite te neem/meer gefokus te wees. (✓)
- meer selfvertroue kry. (✓)
- daaglikse take meer suksesvol afhandel. (✓)

Dit kan/mag...
- streshormone verminder. (✓)
- jou selfbeeld verbeter/verhoog. (✓
- verhoed dat jy depressief word. (✓)
- *Enige TWEE van die bostaande antwoorde vir EEN punt elk*

(2x1) (2)

1.3.2 **Verduidelik die term nasiebou.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan verwys na…
- mense in 'n land wat byeenkom/saamwerk/verenig is (✓) om 'n gemeenskaplike doel te bereik/nasionale verteenwoordigers/ spanne/nasiebou-inisiatiewe te ondersteun. (✓)
- 'n gedeelde sin vir gemeenskaplikheid (✓) onder 'n populasie.(✓)
- 'n deurlopende proses (✓) waardeur 'n gemeenskaplike gevoel van nasionale identiteit ontwikkel word. (✓)
- die ontwikkeling van verwantskappe tussen landsburgers (✓) en hulle staat. (✓)

- 'n proses van interaksie tussen individue en groepe (✓) om sosiale verhoudinge te vestig. (✓)
- 'n proses waardeur 'n gevoel van gemeenskaplikheid onder landsburgers gekweek word (✓) waar dit nie voorheen bestaan het nie/voorheen deur interne konflik in 'n land ondermyn was.(✓)
- 'n voortdurende proses wat gemik is op die vestiging van 'n geïntegreerde samelewing,(✓) gebaseer op gemeenskaplike waardes en doelwitte. (✓)
- ‘n gevoel van eenheid/kohesie/samehorigheid (✓) binne ‘n land.(✓)
- *Enige EEN van die bostaande antwoorde vir TWEE punte* (1x2) (2)

1.3.3 **Bespreek EEN voordeel van vluglees as 'n leesvaardigheid.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan jou help om…
- spesifieke inligting vinnig te vind, (✓) wat tyd kan bespaar wanneer daar vir bepaalde inligting gesoek word. (✓)
- **(een van die volgende stellings)…**
  - jou leestyd te verminder (✓)
  - spesifieke data/syfers vinnig te identifiseer (✓)
  - dele van notas/inhoud wat gebruik moet word, vinnig te vind(✓) **…(met die volgende kwalifiseerder/motivering)…** sodat jy meer/genoegsame tyd kan hê om 'n taak te voltooi.(✓)
- sleutelwoorde maklik te vind in 'n teks (✓) wat jou kan help om 'n spesifieke idee te begryp. (✓)

Dit kan…
- jou leesvaardighede verbeter (✓) wat kan verseker dat jou leesprosesse meer doeltreffend is. (✓)
- *Enige EEN van die bostaande antwoorde vir TWEE punte. (*1x2) (2)

1.4 1.4.1 **Verduidelik wat dit beteken om in sosiale omstandighede by veranderinge aan te pas.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Dit beteken dat jy…
- interaksie met nuwe mense/kulture sal moet hê (✓) wat jou kan help om jou nuwe omstandighede baas te raak/minder geïsoleerd te voel. (✓)
- gewoond sal moet raak aan nuwe maniere van dink/dinge doen(✓) sodat jy makliker in nuwe/spesifieke sosiale kringe kan inpas. (✓)
- die nodige sosiale vaardighede sal moet ontwikkel (✓) wat jou kan help om nuwe uitdagings te hanteer soos dit mag ontstaan.(✓)
- verskillende maniere sal moet aanleer (✓) om nuwe/ onbekende sosiale verantwoordelikhede te hanteer. (✓)

- sal moet aanpas (✓) by 'n nuwe rol/doel in verskillende sosiale agtergronde. (✓)
- aanpassings sal moet maak (✓) op grond van enige veranderende sosiale omgewings. (✓)
- *Enige EEN van die bostaande antwoorde vir TWEE punte*

(1 x 2) (2)

1.4.2 **Bespreek EEN voordeel vir jou loopbaanontwikkeling om in 'n geglobaliseerde wêreld te leef.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan vir jou...
- geleenthede vir lewenslange leer bied (✓) aangesien jy altyd toegang tot wêreldwye platforms/instellings van leer kan hê. (✓)
- meer moontlikhede vir werk bied (✓) aangesien globalisering meer loopbaanopsies bied. (✓)
- geleenthede vir internasionale netwerke bied (✓) wat tot nuwe/ waardevolle konneksies in besigheid kan lei. (✓)
- 'n breër begrip oor verskillende denkwyses laat kry (✓) om 'n beter persepsie van die hedendaagse globale/wêreldwye ekonomie te hê. (✓)
- waardevolle/multikulturele ondervinding op internasionale vlak bied (✓) wat hoog op prys gestel kan word deur werkgewers.(✓)

Dit kan jou in staat stel om…
- van een werk na 'n ander oor te skakel (✓) aangesien dit makliker geword het om kennis en vaardighede van een loopbaan na 'n ander oor te dra. (✓)
- vanaf enige plek in die wêreld te werk (✓) te danke aan die konstante voortuitgang in tegnologie. (✓)
- maklike toegang tot internasionale markte te hê (✓) wat jou meer vaardig in internasionale besigheids-aangeleenthede kan maak.. (✓)
- verder as jou onmiddellike geografiese omgewing te gaan (✓) wat jou professionele netwerke aansienlik kan verbreed. (✓)
- vaardighede te ontwikkel wat hoog in aanvraag is (✓) wat jou kan help om voor te bly met die verskeie industrieë. (✓)
- *Enige EEN van die bostaande antwoorde vir TWEE punte.* (1x2) (2)

1.4.3 **Stel EEN manier voor waarop jy jouself kan voorberei om suksesvol by globale veranderinge in die wêreld van werk aan te pas. Motiveer jou antwoord.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Jy kan…
- die internasionale ontwikkelings voortdurend dophou (✓) om op hoogte te bly van wat belangrik is in die internasionale arbeidsmark. (✓)

- jou tegnologiese vaardighede voortdurend opskerp (✓) om te verseker dat jy weet hoe om digitale inligting op enige gegewe platform te gebruik. (✓)
- jouself oopstel vir verskillende perspektiewe/wêreldbeskouings geleenthede gebruik om sterk interpersoonlike vaardighede te ontwikkel (✓) om sodoende positiewe bande met ander in die internasionale wêreld van werk te sluit. (✓)
- jou vermoë ontwikkel om geloofwaardige oordele te vel (✓) wat jou in staat kan stel om werkverwante kwessies van internasionale belang doeltreffend te beoordeel/assesseer. (✓)
- internasionale werksverhoudinge met jou gelykes/ beroepspersone in jou veld bou (✓) aangesien hulle jou die nodige leiding/ondersteuning sal kan bied/van waardevolle insigte in jou loopbaanveld sal kan voorsien. (✓)
- leer om krities na inligting te kyk (✓) wat jou kan help om meer ingeligte besluite in internasionale werksomgewings te kan neem. (✓)
- uitheemse tale aanleer (✓) wat jou kan help om meer doeltreffend met mense van verskeie internasionale agter-gronde te kommunikeer. (✓)
- vir geleenthede soek om verskillende praktiese vaardighede te bekom (✓) wat jy in verskeie werksituasies sal kan toepas. (✓)

Jy sal…

- bereid/oop moet wees om nuwe dinge te leer/nuwe idees te verken (✓) wat jou kan help om 'n meer inskiklike/aanpasbare denkwyse te ontwikkel. (✓)
- 'n ingesteldheid om te wil groei, moet ontwikkel (✓) sodat jy gemotiveerd kan bly onder moeilike omstandighede in 'n internasionale werksomgewing. (✓)
- meer bedagsaam moet wees ten opsigte van globale, interkulturele kwessies (✓) **(een van die volgende kwalifiseerders):**
  - wat jou help om beter te verstaan hoe jy inpas by die internasionale werksgemeenskap. (✓)
  - om beskaafde interaksies in 'n internasionale werksgemeenskap te verseker. (✓)
- *Enige EEN van die bostaande antwoorde vir TWEE punte.* (1x2) (2)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B (VERPLIGTEND)**

1. In hierdie afdeling moet kandidate se antwoorde sover moontlik in volsinne geskryf word. Vir 'n 3- of 4-punt vraag moet 4, 3, 2, 1 of 0 (nul) punte dus toegeken word, afhangend van die vlak van die antwoord gegee.

2. Let daarop dat vir elke kategorie van die kandidate se antwoorde, moet daar onderskei word tussen uitstekende, goeie, bevredigende en swak antwoorde.

**VRAAG 2**

2.1 **Definieer die term leefstylsiektes.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

**Definisies:**

- Siektes wat veroorsaak kan word deur die manier waarop mense leef, (✓) wat tot kroniese kondisies kan lei. (✓)
- Kwale wat veroorsaak kan word as gevolg van mense se daaglikse gewoontes (✓) wat hulle gesondheid in gevaar kan stel. (✓)
- Siektes wat gekoppel word aan die manier waarop mense hul lewe leef(✓) wat lewensgevaarlik kan wees. (✓)
- Gesondheidstoestande wat vererger word deur aspekte van mense se leefstyl (✓) wat 'n negatiewe uitwerking op hulle gesondheid kan hê. (✓)
- Dit kan ook siektes insluit wat nie deur mense oorgedra word nie, (✓) maar eerder oor 'n tydperk ontwikkel as gevolg van persoonlike leefstylkeuses.(✓)
- Oordraagbare/nie-oordraagbare siektes (✓) wat kan ontwikkel as gevolg van ongesonde/onveilige leefstylkeuses. (✓)
- *Enige EEN van die bostaande antwoorde vir TWEE punte.* (1 x 2) (2)

2.2 **Beskryf EEN manier hoe om deel te wees van 'n fiksheidsgroep jou kan motiveer om toegewyd aan fisiese aktiwiteite deel te neem.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is

Dit kan jou die nodige...

- ondersteuning bied (✓) wat jou kan help om toegewyd aan jou doelwit te bly. (✓)
- versekering bied dat jy nie alleen in hierdie missie is nie (✓) wat jou kan help om lojaal te bly tot jou belofte/verantwoordbaar maak aan jou groep.(✓)

Dit kan jou/kan …

- help om te volhard wanneer jy voel om op te gee (✓) wat jou kan help om die punt te bereik waar dit 'n leefstyl word. (✓)
- laat voel dat jy behoort (✓) wat jou kan inspireer om op koers te bly. (✓)
- 'n aanmoediging vir jou wees op hierdie reis (✓) wat dit makliker vir jou kan maak om toegewyd te bly tot jou taak. (✓)

Jy mag…

- mense ontmoet met wie jy kan assosieer op hierdie reis (✓) wat jou kan help om ywerig/entoesiasties aan te hou om deel te neem. (✓)
- *Enige TWEE van die bostaande antwoorde vir EEN punt elk.* (2x1) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.3 **Verduidelik EEN omgewingsfaktor wat jou kan ontmoedig om aan fisiese aktiwiteite deel te neem.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

**Moontlike antwoorde kan insluit:**
- Die hoë misdaadsyfer in jou woonbuurt (✓) kan jou onveilig laat voel om aan buitelugaktiwiteite deel te neem. (✓)
- 'n Tekort aan geriewe in jou gemeenskap/soos ‘n gebrek aan gras-/groen plekke/staproetes/buiteluggimnasiums/ontspanningsareas/swaar verkeer/geraas/onveilige sypaadjies (✓) kan dit moeilik maak vir jou om te oefen/jou belangstelling in oefening laat verloor. (✓)
- Om in 'n gemeenskap te bly waar daar nie 'n kultuur van deelname in fisiese aktiwiteite is nie (✓) kan 'n negatiewe invloed op jou ingesteldheid teenoor deelname aan fisiese rekreasie-aktiwiteite in jou gemeenskap.(✓)
- As jy in ‘n gesin/tradisionele omgewing grootword wat nie deelname aan fisiese aktiwiteite aanmoedig nie (✓) kan dit jou ontmoedig om aan enige vorm van fisiese aktiwiteite deel te neem. (✓)
- Om ver van beskikbare fasiliteite af te bly (✓) kan duur/onbekostigbaar wees vir jou om toegang tot sulke fasiliteite te hê. (✓)
- Ongunstige weersomstandighede soos uiterste koue/hitte/swaar reën (✓) kan dit moeilik maak vir jou om buite te wees en aan fisiese aktiwiteite deel te neem. (✓)
- Lugbesoedeling (✓) kan jou laat voel dat dit 'n risiko is om siektes op te doen wat deur die lug versprei word (e.g., tuberkulose/TB)/blootgestel te wees aan virusse in die lug wanneer jy buitelugaktiwiteite doen. (✓)
- Landelike besoedeling (✓) wat skadelik vir jou gesondheid kan wees.(✓)
- *Enige EEN van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte* (1x2) (2)

2.4 **Bespreek hoe langtermyndeelname aan fisiese aktiwiteite jou energievlakke kan verhoog.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan/mag jou…
- help om ontslae te raak van al die oortollige energie in jou liggaam (✓) wat jou minder moeg kan laat voel. (✓)
- liggaam versterk (✓) sodat jou liggaam energie oor 'n langer tydperk kan hê. (✓)
- bloedsirkulasie verbeter wat sodoende jou liggaamlike funksies kan verbeter (✓) wat jou in staat kan stel om jou daaglikse take meer doeltreffend te verrig. (✓)
- longe versterk (✓) wat jou uithouvermoë/stamina kan verhoog. (✓)
- hartklop verhoog/verbeter (✓) wat kan help dat jy op 'n hoër vlak presteer. (✓)
- die energie wat in jou liggaam gestoor is in aktiewe energie omskep (✓) en jou in staat stel om teen 'n hoër pas te funksioneer. (✓)

- sielkundige/geestelike gemoedstoestand verbeter (✓) wat geestelike en fisiese moegheid kan voorkom/jou kan help om meer gemotiveerd te voel. (✓)
- help om gewig te verloor, wat die druk op jou liggaam verlig (✓) en meer volgehoue energie tot gevolg kan hê. (✓)
- hormone soos dopamien/adrenalien vrystel (✓) wat meer konstante energievlakke tot gevolg het. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte elk (*2x2) (4)

2.5 **Hoe kan jy, deur fisies aktief te wees, verhoed dat jy jou tot skadelike middele wend wanneer jy die uitdagings van die lewe in die gesig staar?**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan…

- 'n gesonde uitlaatklep vir jou negatiewe emosies bied/help dat jy minder verveeld is (✓) wat kan help om jou gedagtes weg te neem van die versoeking om jouself tot middelmisbruik te wend. (✓)
- die hormone afskei wat jou goed laat voel (✓) wat verligting kan bring vir die verbystering/verplettering wat jy op daardie tydstip mag ervaar. (✓)
- **(een van die volgende antwoorde wat verband hou met stres)**
  - die vlakke van die streshormone in jou brein verlaag (✓) wat jou in staat kan stel om enige angswekkende situasie beter te hanteer. (✓)
  - jou stresvlakke verlaag (✓) wat jou kan help om meer rasioneel oor jou situasie te dink. (✓)
- vir jou opbouende aktiwiteite bied om op te fokus/gesonde afleiding bied(✓) wat jou kan help om minder oorweldig te voel oor jou situasie.(✓)
- jou help om gesonde sosiale netwerke/kringe te bou (✓) wat vir jou die ondersteuning kan bied wat jy tydens moeilike tye mag benodig. (✓)
- help om jou fisies en geestelik sterker te maak (✓) wat jou kan help om stres/teëspoed beter te hanteer. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte elk.* (2x2) (4)

2.6 **Assesseer die belangrikheid van behoorlike beplanning wanneer jy jou verbind tot 'n aksieplan om jou gesondheid te verbeter. Dui ook in ELKE antwoord aan hoe dit die kanse kan verhoog om jou plan suksesvol uit te voer.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
DRIE punte (✓✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan…

- jou bewus maak van faktore/risiko's wat jou pogings negatief mag beïnvloed (✓) wat jou kan voorberei op moontlike struikelblokke wat kan verhoed dat jy jou plan deurvoer (✓) en jou sodoende help om jou aktiwiteite te herstruktureer sodat jy suksesvol kan wees in jou pogings.(✓)
- jou lei om spesifieke/die nodige aksies te neem (✓) wat jou kan help om voornemende doel te bereik (✓) en op die manier kan dit jou gemotiveerd hou. (✓)

- voorberei op hoe jy jou plan moet aanpas, indien nodig (✓) wat dit makliker kan maak om jou plan te volg (✓) en sodoende verseker dat jy aan die doelwitte van jou aksieplan voldoen. (✓)
- jou bedag maak op faktore wat jou gesondheid mag affekteer (✓) en jou in staat kan stel om jou plan in lyn te bring en aan te pas soos volgens jou gesondheidstoestand (✓) wat beter gesondheidsresultate in die langtermyn kan hê. (✓)
- verseker dat jy 'n geïntegreerde/holistiese benadering volg (✓) sodat jy alle aspekte kan oorweeg wat jou doelstellings kan beïnvloed (✓) en dit kan jou aanmoedig om gemoeid/betrokke te bly in die proses om jou gesondheid te verbeter. (✓)
- jou voorberei op enige moontlike finansiële uitgawes wat mag opkom in die proses (✓) wat jou kan toelaat om voorsorg te tref daarvoor (✓) en sodoende verseker dat jy in staat kan wees om genoegsame voorsiening te maak vir die algehele verbetering van jou gesondheid. (✓)
- jou help om jou doelwit in haalbare mylpale te verdeel (✓) wat jou kan toelaat om jou vordering te volg (✓) en dit sodoende moontlik maak vir jou om die korttermyn uitkomste te bepaal. (✓)
- jou toelaat om jou gesondheidsprogram te prioritiseer (✓) sodat jy jou tyd meer doeltreffend kan bestuur (✓) en sodoende kan jy gefokus bly op die proses om jou gesondheid te verbeter. (✓)
- jou aanmoedig om verantwoordbaar te bly vir jou plan/konsekwent te wees (✓) sodat jy jouself verantwoordelik kan hou vir die resultate (✓) en op hierdie manier kan jy gefokus bly op die proses om jou gesondheid te verbeter. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir DRIE punte elk.* (2x3) (6)

**[20]**

**VRAAG 3**

3.1 **Definieer die term *werwingstendse*.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

**Definisies:**
Dit kan verwys na…

- hedendaagse/moderne maniere wat werkgewers kan gebruik (✓) om geskikte gekwalifiseerde werkers te vind. (✓)
- die huidige manier waarop potensiële werker gekeur/geplaas word (✓) in lyn met die tegnologiese vooruitgang van die 21ste eeu/4de Industriële Rewolusie (4IR). (✓)
- die benaderings wat huidiglik gebruik word wat 'n groter databasis daarstel(✓) om kandidate te werf wie se profiel by die spesifieke vereistes van 'n werk pas. (✓)
- die nuutste metodes (✓) om geskikte kandidate te identifiseer vir 'n werk/ interaksie met geskikte kandidate te hê.(✓)
- *Enige EEN van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte elk* (1x2) (2)

3.2 **Beskryf EEN manier waarop jong werksoekers hulle kanse kan belemmer om vir 'n onderhoud oorweeg te word.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Hulle mag moontlik…

- nie die vereistes volg soos uiteengesit in die advertensie nie (✓) wat tot gevolg kan hê dat hulle gediskwalifiseer word omdat hulle nie voldoen aan die vereistes nie. (✓)
- 'n algemene CV/loopbaanportefeulje gebruik (✓) wat nie spreek tot die spesifieke vereistes van die werk nie. (✓)
- grammatikale-/spelfoute maak in hulle dokumente vir aansoeke (✓) wat 'n aanduiding kan wees dat hulle nie oor die basiese akademiese vaardighede beskik wat nodig is in enige werk nie. (✓)
- belangrike dokumente/inligting weglaat in hulle aansoek/vervalste kwalifikasies/vals inligting indien/’n negatiewe sosialemediavoetspoor/‘n kriminele rekord hê/omkopery gebruik om ‘n werk te kry (✓) wat tot gevolg het dat hulle nie kwalifiseer/vir ‘n onderhoud genooi word nie.(✓)
- hulle e-posadresse/selfoonnommers gereeld verander/nie werwingsbeamptes inlig dat hulle kontakbesonderhede verander het nie(✓) wat kan veroorsaak dat hulle nie die kommunikasie rakende die uitkoms van die werwingsproses ontvang nie. (✓)
- nie reageer op telefoonoproepe/boodskappe/e-posse betyds lees nie/die vereiste alternatiewe kontakbesonderhede voorsien nie (✓) wat tot gevolg kan hê dat hulle uitmis op werksgeleenthede. (✓)
- nie weet hoe om tegnologie te gebruik om toegang tot e-posse/webtuistes/ boodskappe op verskeie elektroniese platforms te verkry nie (✓) en mag dan onsuksesvol wees met die aanlyn aansoek vir 'n werk. (✓)
- e-posadresse/kontaknommers gebruik wat hulle deel met iemand anders(✓) wat tot gevolg kan hê dat hulle nie die inligting oor die werksaansoek ontvang nie. (✓)
- *Enige EEN van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte elk* (1x2) (2)

3.3 **Waarom is dit belangrik dat jong werkers hulle vaardighede in 'n werk voortdurend verbeter?**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan hulle in staat stel om…
- tred te hou met nuwe verwikkelinge wat verband hou met hulle werk (✓) sodat hulle hul verpligtinge dienooreenkomstig kan nakom. (✓)
- die nuutste toerusting in die werk te gebruik (✓) sodat hulle bekend kan wees met die nuwe manier om take uit te voer. (✓)
- meer innoverend/kreatief te word (✓) sodat hulle meer bekwaam/bedrewe in hulle werk kan wees. (✓)
- 'n dieper begrip oor hulle werk kan ontwikkel (✓) wat hulle geleenthede vir groei/ontwikkeling in die werkplek kan uitbrei. (✓)
- die vaardighede wat hulle opgedoen het, gebruik om die gehalte van hulle werk te verbeter (✓) wat hul voorberei op moontlike bevorderingsposte. (✓)

Dit kan…
- hulle gemotiveerd hou in hulle werk (✓) aangesien die nuwe kennis/vaardighede wat hulle opgedoen het, hulle meer selfversekerd in hulle werk kan maak. (✓)
- hulle algehele begrip van werksaamhede in die werkplek verbeter (✓) en sodoende verseker dat hulle bevoegd bly in die uitvoer van die vereiste take. (✓)
- verseker dat hulle 'n verskeidenheid vaardighede ontwikkel (✓) wat hulle meer mededingend kan maak in die hedendaagse wêreld van werk/sodat hulle nie vervang word nie. (✓)

Hulle mag…
- 'n nuwe passie ontdek met die nuwe kennis/vaardighede wat hulle opgedoen het (✓) wat nuwe werksgeleenthede vir hulle kan oopmaak. (✓)
- *Enige EEN van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte*. (1x2) (2)

3.4 **Bespreek TWEE maniere waarop jy, as 'n jong werksoeker, kan verseker dat jy met die nuutste werwingstendense tred hou.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir 'n antwoord wat goed verduidelik is.

Jy kan…
- die aanlynplatforms/webtuistes van verskeie werwingsagentskappe gereeld besoek/navors (✓) om op datum te bly met die mees onlangse/nuwe manier van werwing. (✓)
- betroubare aanlyn-artikels raadpleeg oor die hedendaagse manier van werwing (✓) sodat jy kan vasstel wat die algemene tendense is/wat werwingsbeamptes van applikante verwag. (✓)
- gesprekke voer met werkers/professionele persone in jou veld wat deur die nuutste werwingsprosesse gegaan het (✓) om uit hulle ervaringe te leer.(✓)
- netwerke met werwingsagentskappe vestig (✓) om toegang tot die nuutste informasie oor werwingsprosesse te verkry. (✓)

- kort aanlyn-opnames met werwingsbeamptes doen (✓) om algemene uitdagings wat die meeste applikante ervaar, te identifiseer. (✓)
- navrae doen by verskillende werwingsagentskappe oor algemene werwingspraktyke (✓) sodat jy 'n idee kan kry oor hulle spesifieke benadering om kandidate te werf. (✓)
- webinars/seminare/konferensies bywoon wat met jou veld verband hou (✓) wat jou aan nuwe idees/opkomende werwingstendense kan blootstel. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte elk* (2x2) (4)

3.5. **Hoe kan jy, deur 'n persoonlike handelsmerk te hê, jou kanse verbeter om 'n werk te kry?**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan jou help om…

- op jou eie manier te demonstreer waartoe jy in staat is (✓) wat potensiële werkgewers kan oortuig dat jy die perfekte persoon vir die posisie is. (✓)
- dit waarvoor jy staan/waarin jy glo met potensiële werkgewers deel (✓) wat kan wys hoe jou waardes ten opsigte van werk ooreenstem met dié van die werkplek. (✓)
- jou belangstellings/aanleg/passie op 'n persoonlike manier te toon (✓) wat kan beklemtoon hoe jou unieke kenmerke pas by die visie van 'n maatskappy. (✓)
- persoonlike prestasies op 'n unieke manier tentoonstel (✓) wat die werkgewer kan oortuig van jou innerlike dryfveer om suksesvol te wees/dat jy doelgerig is. (✓)
- jou visie vir loopbaansukses bekend maak (✓) wat kan toon hoe jy kan bydra tot die groei van die instansie/maatskappy/organisasie. (✓)
- op 'n persoonlike manier tentoonstel wat jou inspireer om soggens op te staan (✓) wat kan wys hoe selfgemotiveerd jy is. (✓)
- jou endossemente wat jy ontvang het/kwalifikasies/prestasies op verskeie mediaplatforms te deel (LinkedIn/Twitter/Tik-tok/YouTube/ Instagram/ Facebook/WhatsApp) (✓) wat 'n potensiële werkgewer kan oortuig dat jy geskik is vir 'n werk. (✓)
- jou uitsonderlike vaardighede/vermoëns op verskeie platforms voorlê (✓) wat 'n geleentheid vir werwingsbeamptes kan skep om jou unieke kenmerke raak te sien en hoe dit verband hou met die behoeftes van 'n instansie/maatskappy/organisasie. (✓)
- 'n aanlyn teenwoordigheid te vestig/behou/jou sigbaarheid aanlyn te verhoog (✓) wat sodoende jou kanse kan verhoog om persoonlik deur potensiële werkgewers gewerf te word. (✓)
- 'n persoonlike handelsmerk skep wat goed saamgestel is om te wys dat jy outoriteit oor jou lewe het (✓) en dit kan tot gevolg hê dat potensiële werkgewers jou as 'n meer betroubare/gewenste kandidaat kan beskou.(✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir TWEE punte elk* (2x2) (4)

3.6 **Assesseer TWEE voordele van die nuutste tendense in tegnologie wat vir werwingsprosesse gebruik word. Dui ook in ELKE antwoord die voordeel vir jou as werksoeker aan.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
DRIE punte (✓✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

Dit kan…

- die moontlikheid bied om onderhoude op verskeie aanlynplatforms te voer(✓) wat kandidate van regoor die wêreld kan werf (✓) en dit kan vir jou 'n regverdige kans bied om deel te wees van enige werwingsproses/ vervoerkoste spaar om onderhoude in persoon by te woon/wat minder stresvol kan wees. (✓)
- die werwingsprosesse versnel (✓) om binne korter tydperk terugvoer te gee aan kandidate (✓) en hierdie vinnige resultate kan jou dan in staat stel om 'n ander moontlike werksaanbod te oorweeg/aanvaar. (✓)
- werwingsbeamptes toegang bied tot aanlyn platforms wat gereeld deur kandidate gebruik word (✓) wat 'n aanduiding kan gee oor hoe kandidate hulleself normaalweg handhaaf (✓) en dit kan 'n werksoeker bevoordeel wat gewoonlik opbouende inhoud op hierdie platforms plaas. (✓)
- werwingsbeamptes toegang tot 'n enorme verskeidenheid elektroniese lys van vaardighede/kwalifikasies/ervarings bied (✓) wat dit makliker maak vir hulle om 'n databasis van voorkeur aansoeke te hou (✓) en dit kan werksoekers veelvuldige geleenthede bied om oorweeg te word vir soveel ander moontlike posisies wat mag voorkom. (✓)
- 'n meer objektiewe prosessering van aansoeke verseker (✓) wat aanlyn werwingsprosesse meer onpartydig kan maak (✓) en dit kan vir jou regverdige kans bied om oorweeg te word vir 'n werk, gebaseer slegs op jou geskiktheid vir 'n werk. (✓)
- verpersoonlike aanbevelings vir werk deur middel van Kunsmatige Intelligensie (KI-aangedrewe) (Artificial Intelligence, AI) /websoekenjins bied (✓) wat 'n werksoeker se vaardighede/ervaring/voorkeure kan ontleed om verpersoonlike aanbevelings vir werk te maak (✓) en werksoekers sodoende kan help om posisies te vind wat goed sal pas by hulle kwalifikasie/belangstellings. (✓)
- dit makliker maak vir werksoekers om tydens die werwingsproses deurgaans met potensiële werkgewers te kommunikeer (✓) deur middel van 'chatbots' /die nuutste kommunikasieplatforms (✓) en op die manier kan werksoekers ingelig bly oor die status van hulle aansoeke. (✓)
- applikante/persone met gestremdhede toelaat om aanlyn aansoek te doen(✓) wat meer gerieflik/vinniger kan wees (✓) en die onkoste/las van papierwerk/om aansoeke fisies te pos, te verminder. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir DRIE punte elk.* (2x3) (6)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

1. Kandidate moet enige TWEE vrae inhierdie afdeling beantwoord. Indien die kandidaat al drie vrae beantwoord, moet slegs die **eerste TWEE** vrae nagesien word. Die oorblywende antwoord moet deurgehaal word en die volgende afkorting moet daarby neergeskryf word: **'OGVV'** (Oorskry Getal Vrae wat Vereis word).

2. Kandidate se antwoorde moet in die vorm van PARAGRAWE wees. **Punte sal slegs toegeken word vir antwoorde wat in volsinne geskryf is.**

**VRAAG 4**

**NOTA AAN DIE ONDERWYSER:**
- **In hierdie vraag moet kandidate se antwoorde in volsinne geskryf word. Dus, vir 'n 4-punt antwoord kan en behoort 4, 3, 2, en 1 of 0 (nul) aan kandidate toegeken te word, afhangende wat die vlak van die antwoorde is.**

**Noem kortliks VIER moontlike sosiale faktore wat tot stereotipering kan lei.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
EEN punt (✓) vir elke antwoord.

**Moontlike antwoorde kan insluit:**
- Geslagsongelykhede/ongelykhede in die samelewing/rassisme (✓)
- Idees oor ander mense wat aangeleer word van familielede/vriende/die media (✓)
- Deur nie interaksie te hê met mense wat op 'n manier anders as jy is nie (✓)
- Deur nie oop te wees vir verskillende idees/leefwyses nie (✓)
- Die media wat mense/'n spesifieke geslag op 'n sekere manier uitbeeld (✓)
- Die idee volg dat stereotipering aanvaarbaar is (✓)
- Deur beïnvloed te word deur die samelewing se verwagtinge/kultuur/godsdiens (✓)
- Klassifikasie van mense volgens sosiale klas (✓)
- Enige VIER van die bogenoemde antwoorde vir EEN punt elk (4 x 1) (4)

**Analiseer TWEE negatiewe gevolge van 'n sosiale faktor, soos stereotipering, op die geestesgesondheid van slagoffers van stereotipering.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
TWEE punte (✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

**NOTA AAN ONDERWYSER: Om die volle VIER punte toe te ken, moet kandidate 'n <u>stelling</u> gee, (✓) <u>uitbrei</u> op die stelling, (✓) dit <u>motiveer</u> (✓) en 'n <u>resultaat/ uitkoms</u> gee. (✓)**

Slagoffers van stereotipering kan...
- 'n negatiewe selfbeeld/gevoel van eiewaarde ontwikkel (✓) wat tot gevolg kan hê dat hulle 'n negatiewe opinie oor hulself mag hê (✓) wat tot irrasionele denke kan lei (✓) en sodoende vals menings skep dat hulle waardeloos is. (✓)

Kopiereg voorbehou 

- gevoelens van wanhoop ervaar (✓) wat tot erge depressie kan lei (✓) wat uiteindelik 'n sielkundige effek kan hê (✓) en in post-traumatiese stres versteurings, soos 'n vrees vir toekomstige diskriminasie/ onregverdige behandeling, kan ontwikkel. (✓)
- voel dat hulle nie in beheer van hulself is nie (✓) wat tot hoë angsvlakke/ konstante angsgevoelens kan lei, (✓) wat tot gevolg kan hê dat hulle permanent ontsteld voel (✓) en dit kan selfmoordneigings aanwakker. (✓)
- die negatiewe manier waarop hulle uitgebeeld word begin glo (✓) en maklik ingee tot afknouery/teistering by die skool/werk (✓) aangesien hulle mag dink dat hulle dit verdien om op die manier behandel te word (✓) en dit kan tot gevolg hê dat hulle twyfel in hulself/vertroue verloor in wie hulle werklik is. (✓)
- wantroue in alle mense ontwikkel (✓) wat kan veroorsaak dat hulle hulself sosiaal isoleer (✓) wat daartoe kan lei dat hulle afgesny voel van ander (✓) en dit kan erge gevoelens van eensaamheid tot gevolg hê. (✓)
- dink dat almal hulle verwerp (✓) wat hulle kan laat voel dat mense hulle faal (✓) en dit kan hulle verbitterd/kwaad maak (✓) wat tot wraaksugtige gedagtes en aksies kan lei. (✓)
- verleë voel (✓) aangesien hulle veroordeel kan word omdat hulle assosieer met 'n sekere groep (✓) wat hulle kan laat glo dat hulle nie waardeer/gerespekteer word as 'n individu nie (✓) en dit kan tot gevolg hê dat hulle onvergenoegd voel. (✓)
- begin glo in die etikettering, (✓) daarvolgens begin optree (✓) en verder hulpeloos/magteloos voel, (✓) want hulle mag dink dat hulle nie so slim/bevoeg soos ander is nie. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir VIER punte elk* (2x4) (8)

**Bespreek krities hoe 'n persoon kan bepaal of hy/sy andere dalk onopsetlik stereotipeer.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
VIER punte (✓✓✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

**NOTA AAN ONDERWYSER: Om die volle VIER punte toe te ken, moet kandidate 'n <u>stelling</u> gee, (✓) <u>uitbrei</u> op die stelling, (✓) dit <u>motiveer</u> (✓) en 'n resultaat/<u>uitkoms</u> gee. (✓)**

Hulle sal moontlik …

- die manier waarop hulle ander gewoonlik benader, moet ondersoek/ander vra om hulle te evalueer (✓) en sodoende te reflekteer of hulle vooropgestelde idees van mense mag hê (✓) wat 'n eng denkwyse teenoor ander mag bevestig (✓) en dit kan 'n indikasie van partydigheid/vooroordeel wees. (✓)
- introspeksie moet doen oor die groepsaktiwiteite waarin hulle deelneem (✓) wat sekere mense mag uitsluit (✓) deur hulle te misken/ignoreer vir ongegronde redes(✓) en kan daarom ander onbewustelik kategoriseer. (✓)
- hulle aksies teenoor ander moet oordink/nie met sekere mense assosieer nie (✓) om te bepaal of hulle moontlik diskriminerend teenoor ander mag optree (✓) wat hulle bewus kan maak dat hulle mense moontlik onregverdig behandel(✓) en dit kan 'n teken van ongeregtigheid teenoor ander wees. (✓)
- moet reflekteer oor die films/vermaaklikhede wat hulle verkies/boeke wat hulle lees/videospeletjies wat hulle verkies om te speel (✓) wat negatiewe opinies van sekere groepe kan aanmoedig (✓) en kan impliseer dat hulle ander klassifiseer (✓) en daardeur aandui dat hulle moontlik skadelike waardesisteme volg. (✓)

- moet nadink oor die redes waarom hulle nie organisasies ondersteun wat die oorsake van stereotipering teëwerk nie (✓) wat kan impliseer dat hulle met opset verkies watter kwessies hulle ondersteun of nie (✓) wat die indruk kan skep dat hulle nie stereotipering as verkeerd beskou nie (✓) en dit kan 'n aanduiding wees dat hulle bevooroordeeld oor sekere kwessies mag wees. (✓)
- 'n bewustelike besluit moet neem om na te dink oor die impak wat stereotipering op ander mag hê (✓) en hulle sodoende in staat stel om situasies te identifiseer wat ander moontlik negatief kon affekteer (✓) wat hulle bewus kan maak van hulle eie ondeurdagte reaksies tot sulke situasies (✓) en dit kan 'n aanduiding wees van hulle onkunde oor die kwessie. (✓)
- moet nadink of hulle moontlik onverdraagsaam is teenoor mense wat van hulle verskil (✓) en nie dieselfde opinie as hulle huldig nie (✓) wat tot gevolg kan hê dat hulle te krities teenoor sulke mense is (✓) en dit mag 'n teken wees dat hulle veroordelend is. (✓)
- moet reflekteer of hulle lag oor kommentaar wat op stereotipes gebaseer is (✓) aangesien dit dan sulke gedrag sou aanmoedig (✓) wat kan blyk dat hulle onwetend bydrae tot die probleem (✓) en dit kan 'n manier wees om sulke stereotipiese neigings te ondersteun. (✓)
- bedag moet wees op/hulle taalgebruik moet monitor wanneer hulle met verskillende groepe mense praat (✓) wat kan help om te bepaal of hulle dalk aanstootlike uitdrukkings gebruik (✓) en wat gebaseer mag wees op veralgemenings, (✓) aangesien dit ander kan uitsluit/onbeleefd teenoor ander kan wees. (✓)
- hul aannames bevraagteken (✓) wat gebaseer kan wees op voorkoms/iemand se agtergrond (✓) wat moontlik versterk is deur hul eie kulturele sienings (✓) en dit kan hulle siening oor/interaksie met ander beïnvloed. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir VIER punte elk* (2 x 4) (8)

**[20]**

**VRAAG 5**

**NOTA AAN ONDERWYSER:**

- **In hierdie vraag moet kandidate se antwoorde in volsinne geskryf word. Dus, vir 'n 4-punt antwoord kan en behoort 4, 3, 2, en 1 of 0 (nul) aan kandidate toegeken te word, afhangende wat die vlak van die antwoorde is.**

**Noem kortliks VIER redes waarom entrepreneurs innoverend moet wees.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
EEN punt (✓) vir elke antwoord.

Dit kan hulle help om…

- hul nis/gaping in die mark te vind/toegang tot befondsing te kry. (✓)
- hulle besigheid te onderskei van besighede wat soortgelyke dienste/produkte lewer. (✓)
- meer kliënte/klante/kopers te trek. (✓)
- hulle kanse te verbeter om kompeterend te bly in die industrie. (✓)
- te verseker dat hulle besigheid enige toekomstige probleme kan oorkom. (✓)
- steeds hulle besighede in uitdagende situasies te laat groei. (✓)
- seker te maak dat hulle produkte/dienste oorspronklik is. (✓)
- altyd daarna te strewe om vindingryk te wees met hulle besigheidsplanne. (✓)
- te verseker dat hulle besighede relevant bly in 'n besigheidswêreld wat voortdurend verander. (✓)
- moderne produkte te lewer om klante te behou. (✓)
- altyd nuwe besigheids-idees te probeer. (✓)
- produktiwiteit te verhoog. (✓)
- *Enige VIER van die bogenoemde antwoorde vir EEN punt elk.* (4x1) (4)

**Analiseer TWEE maniere waarop jy die denkwyse van 'n entrepreneur kan aanleer.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
VIER punte (✓✓✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

**NOTA: Om die volle VIER punte toe te ken, moet kandidate 'n <u>stelling</u> gee, (✓) <u>uitbrei</u> op die stelling, (✓) dit <u>motiveer</u> (✓) en 'n <u>resultaat</u>/<u>uitkoms</u> gee. (✓)**

Jy kan...

- verkies om uitdagings as potensiële geleenthede te sien (✓) wat jou kan aanmoedig om vir oplossings te soek (✓) waarvolgens jy dan jou kritiese denke kan ontwikkel (✓) wat jou kan leer hoe om probleme as ‘n entrepreneur op te los.(✓)
- mislukkings in besigheid aanvaar as 'n geleentheid om te leer (✓) wat jou lewenskragtigheid kan leer/om jou eie oplossings te vind (✓) en daardeur jouself ook oopstel vir groei (✓) en op die manier kan jy leer om te volhard/'n kans hê om op jou toekomstige pogings te verbeter. (✓)
- leer hoe om 'n ingesteldheid te ontwikkel om altyd geleenthede te soek (✓) wat jou kan dryf om jou nismark/gaping in die besigheidswêreld te identifiseer (✓) wat 'n platform skep om jou besigheidsplan in aksie te sit (✓) en daardeur leer om berekende risiko's te neem/jou besigheid te vestig. (✓)

- terugvoer van kliënte/werknemers vra (✓) aangesien dit jou kan help om die behoeftes in die mark te verstaan (✓) wat jou kan help om jou dienste/produkte te verbeter (✓) en op die manier mag jy meer suksesvol wees. (✓)
- netwerke met ander suksesvolle entrepreneurs bou/skaduwerk/vrywillige werk doen/besigheidseminare/klasse/webinars bywoon/boeke oor entrepreneurs/ entrepeneurskap lees (✓) wat jou kan help om uit ander se ervaringe te leer/van hulle te leer (✓) wat jou ook gefokus kan laat bly op die kernwaardes van entrepreneurskap (✓) en dit kan verseker dat jy floreer in hierdie loopbaan. (✓)
- 'n visie vir jouself stel/voortdurend leer/droom soos ‘n entrepreneur (✓) sodat jy 'n duidelike begrip van jou strategieë oor die langtermyn kan hê (✓) wat jou kan help om jou aksies uiteen te sit (✓) en dit kan jou op hoogte met jou planne hou. (✓)
- leer om meer aanpasbaar/oop vir verandering te wees (✓) aangesien dit jou kan help om jou planne maklik te verander indien dit nodig sou wees (✓) en jou sodoende in staat stel om die onvoorspelbare/onverwagse uitdagings beter te hanteer (✓) wat kan verseker dat jy nie opgee op jou besigheidsdoelwitte nie. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir VIER punte elk.* (2 x4) (8)

**Bespreek krities hoe 'n jong entrepreneur se passie ander jongmense in sy/haar gemeenskap kan beïnvloed om entrepreneurs te word.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
VIER punte (✓✓✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

**NOTA: Om die volle VIER punte toe te ken, moet kandidate 'n <u>stelling</u> gee, (✓) <u>uitbrei</u> op die stelling, (✓) dit <u>motiveer</u> (✓) en 'n <u>resultaat</u>/<u>uitkoms</u> gee. (✓)**

Dit kan ander jongmense…

- vasbeslote maak om ook entoesiasties te raak oor entrepreneurskap (✓) wat hulle kan motiveer om oor te gaan tot die aksies wat hulle moet neem om hierdie loopbaan te volg (✓) sodat hulle kan sien wat hulle kan bereik (✓) en dit mag hulle oortuig dat hulle ook bo kan uitkom as entrepreneurs. (✓)
- aanmoedig om ook 'n sterk innerlike motivering te ontwikkel (✓) wat vir hulle die nodige ambisie kan gee (✓) om hulle bes te doen met hierdie nuwe onderneming wat hulle kan volg (✓) en dit mag wys hoe dit kan help om enige moontlike struikelblokke te oorkom indien 'n liefde vir die loopbaan gekweek word. (✓)
- inspireer om entrepreneurskap as 'n loopbaanopsie te oorweeg (✓) aangesien hulle gemotiveer mag wees deur so 'n entrepreneur se getuienis (✓) wat hulle kan oorreed om soveel pogings as wat nodig is aan te wend in hierdie onderneming(✓) en sodoende 'n inherente begeerte binne hulle wakker te maak om hierdie as 'n loopbaan te oorweeg. (✓)
- lok jongmense wat dieselfde passie het (✓) en wat wil leer van/skaduwerk doen met sulke entrepreneurs (✓) wat 'n kultuur van entrepreneurskap ook onder ander jongmense kan skep (✓) en hulle sodoende aanmoedig om ook geleenthede te volg om entrepreneurs te word. (✓)

Dit kan...

- idees skep vir geleenthede om hulle eie ondernemings te begin (✓) wat hulle bewus kan maak van hulle onontwikkelde potensiaal as entrepreneurs(✓) en hulle kan oortuig om die risiko te neem om entrepreneurs te word (✓) en hulle verborge talente as entrepreneurs vrystel/finansiële vryheid tot gevolg het.(✓)

Hulle kan…

- die stereotiperings, dat slegs ouer/meer volwasse mense entrepreneurs kan word, uitdaag (✓) deur hulle eie ervaring as entrepreneurs ten toon te stel en bewys dat ouderdom nie 'n struikelblok tot sukses is nie, (✓) sodoende kan hulle ander jongmense aanmoedig om die konvensionele/gebruiklike norme uit te daag(✓) en hulle daardeur motiveer om hulle eie ambisies as entrepreneurs te volg. (✓)
- hulle ervaring, beide die suksesse en mislukkings met ander deel (✓) deur betrokke te raak by veldtogte/publieke toesprake te lewer/programme oor mentorskap/op sosialemediaplatforms te praat oor die pad wat hulle geloop het as entrepreneurs (✓) en deur openlike gesprekke te hê oor hulle uitdagings/strategieë/lesse wat hulle geleer het, kan hulle waardevolle insigte en advies aan aspirerende entrepreneurs bied (✓) om hulle die selfvertrou te gee om hulle eie pad as entrepreneurs te volg. (✓)
- ander jongmense aanmoedig om aktief betrokke raak deur netwerke/ gemeenskappe vir entrepreneurs te bou (✓) deur deel te neem aan geleenthede/aanlynplatforms te skep/aan te sluit by bestaande gemeenskappe vir entrepreneurs; (✓) daardeur kan hulle skakel/saamwerk met individue wat dieselfde idees deel, om kennis te deel/ondersteuningsnetwerke te vorm (✓) en hierdie netwerke/gemeenskappe kan ‘n ideale geleentheid skep vir aspirerende entrepreneurs om te leer/blootstelling te kry/potensiële vennote/mentors/ rolmodelle te vind/in gemeenskappe te belê. (✓)
- lewenskragtigheid/vasberadenheid uitbeeld (✓) deur struikelblokke/uitdagings te oorkom/innoverende oplossings te vind (✓) en deur hierdie moontlikhede te sien,(✓) kan ander jongmense inspireer om uitdagings die hoof te bied, met die wete dat passie/toewyding kan help om sukses te behaal. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir VIER punte elk.* (2 x4) (8)

**[20]**

**VRAAG 6**

**Kandidaat se antwoord moet in paragrawe wees.**

**NOTA AAN ONDERWYSER:**
- **In hierdie vraag moet kandidate se antwoorde in volsinne geskryf word. Dus, vir 'n 4-punt antwoord kan en behoort 4, 3, 2, en 1 of 0 (nul) aan kandidate toegeken te word, afhangende wat die vlak van die antwoorde is.**

**Noem kortliks VIER voordele van aanlyn petisies/versoekskrifte aan plaaslike regerings vir dringende optrede ten opsigte van die waterkrisis in gemeenskappe.**

**Punte moet soos volg toeken word:**
EEN punt (✓) vir elke antwoord.

**Moontlike antwoorde kan insluit:**
- Dit kan vinnig geskep/bekendgemaak word (✓)
- Die petisie/versoekskrif kan vinniger gelewer word (✓)
- Die dokumente kan makliker opgevolg word (✓)
- Die aantal/digitale rekord van handtekeninge kan outomaties opgevolg word (✓)
- 'n Vinniger/geriefliker manier om op te volg of die nodige aksies uitgevoer is (✓)
- Stel die ondertekenaars in staat om ook bewyse te hê van die dokumente wat ingedien is (✓)
- Dis 'n gemakliker/veiliger manier om die verantwoordelike persone verantwoordbaar te hou (✓)
- Dit kan 'n groot groep mense vinnig bereik/meer mense in staat stel om die petisie/versoekskrif aanlyn te teken (✓)
- Ondersteuners mag dit makliker vind om die petisie/versoekskrif op hulle eie tyd/wanneer dit gerieflik is vir hulle/in die privaatheid van hulle eie huis te teken(✓)
- 'n Wettige bewys op skrif om op te volg/kan nie maklik uitgevee/vernietig word nie(✓)
- Help om momentum te bou wat 'n dringendheid rondom die kwessie skep (✓)
- Dit laat besorgde landsburgers toe om die woord vinnig te versprei (✓)
- Dit maak voorsiening vir/verseker deursigtigheid/stel dit oop vir die publiek (✓)
- *Enige VIER van die bogenoemde antwoorde vir EEN punt elk.* (4x1) (4)

**Analiseer TWEE maniere waarop gemeenskappe saam met plaaslike regering kan werk om waterbronne te help beskerm.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
VIER punte (✓✓✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

**NOTA: Om die volle VIER punte toe te ken, moet kandidate 'n <u>stelling</u> gee, (✓) <u>uitbrei</u> op die stelling, (✓) dit <u>motiveer</u> (✓) en 'n <u>resultaat</u>/<u>uitkoms</u> gee. (✓)**

Gemeenskappe kan…

- gereeld op sosialemediaplatforms met die munisipaliteit/plaaslike raadslede kommunikeer/munisipale vergaderings bywoon (✓) om verslag te lewer oor die uitdagings wat hulle identifiseer het (lekplekke/storting/rommelstrooi/misbruik van waterbronne, ens.) (✓) sodat hulle hierdie uitdagings in ag kan neem in hulle planne vir instandhouding (✓) en dit kan hulle in staat stel om onmiddellik aandag te skenk aan hierdie kwessies. (✓)
- kan ooreenkom om toesig te hou oor die waterbewarings in hulle areas (✓) want dit kan verseker dat munisipale beamptes ook bedag bly oor die instandhouding van waterinfrastrukture (✓) wat die volhoubaarheid van hierdie waterbronne kan verseke (✓) en sodoende kan hierdie bronne altyd doeltreffend bestuur word.(✓)
- skakel met munisipale beamptes om deel te neem aan vrywillige programme om waterbronne skoon te maak/water te herwin (✓) en daardeur verseker dat dit almal se verantwoordelikheid is om om te sien na die waterbronne (✓) wat die munisipaliteit se pogings in die verband kan ondersteun (✓) en dit kan 'n gewoonte by alle belanghebbendes ontwikkel om die waterbronne tot almal se voordeel in stand te hou. (✓)
- saam met munisipale beamptes werk om munisipale regulasies te ontwikkel om die waterbronne veilig te hou (✓) wat die breër gemeenskappe betrokke kan kry(✓) sodat hulle stemme gehoor kan word (✓) en dit kan 'n meer kollektiewe poging verseker om verantwoordelikheid te neem vir veilige bewaring van hierdie gedeelde bronne. (✓)
- opvoedkundige/bewusmakingsveldtogte reël in samewerking met plaaslike regering/munisipaliteite/ (✓) met die fokus op die belangrikheid van die bewaring van waterbronne (✓) wat die ingesteldheid van gemeenskappe ten opsigte van waterbronne kan verander (✓) en dit kan individue aanmoedig om te help om die kwaliteit van die water te bewaar/om groot volumes water te spaar. (✓)
- die kwaliteit van water gereeld monitor (✓) deur enige besoedelings in die water te identifiseer (✓) wat munisipaliteite kan help om te bepaal wat die moontlike bronne van die besoedeling kan wees (✓) en dit kan help om meer doeltreffende strategieë vir instandhouding daar te stel.(✓)
- aanbied om ook toesig te hou oor die terreine waar installering/opgradering van waterinfrastrukturen gedoen word/gespesialiseerde kennis gebruik (✓) en sodoende eienaarskap neem van sulke inisiatiewe (✓) wat die mag van sulke aksies van die gemeenskap kan saamspan (✓) en dit kan ononderbroke toegang tot hierdie basiese diens verseker. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir VIER punte elk.* (2x4) (8)

**Bespreek krities TWEE maniere om die volhoubaarheid te verseker van ingrypingsprogramme wat die doel het om 'n veilige en gesonde leefwyses te bevorder.**

**Punte moet soos volg toegeken word:**
VIER punte (✓✓✓✓) vir elke antwoord wat goed verduidelik is.

**NOTA: Om die volle VIER punte toe te ken, moet kandidate 'n stelling gee, (✓) uitbrei op die stelling, (✓) dit motiveer (✓) en 'n resultaat/uitkoms gee. (✓)**

**Moontlike antwoorde kan insluit:**

- Bou die kapasiteit van individue/gemeenskappe wat betrokke is by die intervensieprogramme (✓) deur die gemeenskapslede/betrokke belanghebbendes op te lei (✓) om die nodige vaardighede en kennis te ontwikkel (✓) en praktyke vir veilige en gesonde leefwyses selfs na die implementering van programme, voortdurend te bevorder. (✓)
- Verseker dat die programme aanpasbaar is om te spreek tot die veranderende behoeftes/kontekste (✓) om die relevansie van die program gereeld te assesseer/strategieë aan te pas/impakstudies te doen (✓) sodat nuwe metodes oorweeg kan word (✓) en sodoende doeltreffend te bly te midde van die uitdagings/tendense wat mag opduik. (✓)
- Samewerking tussen belanghebbendes/om kennis/goeie praktyke te deel (✓) en om voordeel te trek uit die gesamentlike kundigheid/ervaring/lesse geleer (✓) kan die proses bevorder (✓) en sodoende verseker dat die programme deurlopend ondersteun word. (✓)
- Deur vergaderings te belê/moniterings- en evalueringsmaatreëls deurlopend te implementer, (✓) kan dit die uitdagings wat die program kan beïnvloed, aan die lig bring (✓) en kan hierdie uitdagings wat ïdentifiseer is, hanteer word, (✓) en sodoende help om te verseker dat die gewenste uitkoms van die program bereik word/dat hierdie uitdagings ooorkom kan word. (✓)
- Deur te verseker dat diegene wat verantwoordelik is vir die uitvoer van die aktiwiteite, toegewyd is tot hulle verantwoordelikhede (✓) kan die program geïmplementeer word soos beoog/verwag word (✓) aangesien die implementeringsvennote dan ewe toegewyd tot die program sal wees (✓) om te verseker dat geen aspek van die program afgeskeep word nie, wat tot die sukses van die program kan lei. (✓)
- Deur geskikte/genoegsame finansiële ondersteuning te hê (✓) en seker te maak dat die fondse na behore aangewend word, (✓) kan verseker dat die verskeie aktiwiteite van die program uitgevoer word (✓) wat tot gevolg kan hê dat die program uitgevoer word soos beplan. (✓)
- Deur gebeurlikheidsplanne in plek te hê (✓) wat in ooreenstemming met enige moontlike uitdagings kan wees, (✓) kan help om effektief met hierdie onvoorsiene kwessies te handel (✓) en hierdie planne mag dan die geïdentifiseerde kwessies bevredigend oplos. (✓)
- Behoorlike beplanning/om geskikte planne in plek te stel, (✓) kan verseker dat die belangrikste rolspelers oor die nodige vaardighede beskik om hierdie planne uit te voer, (✓) en sodoende die doelwitte van die program kan bereik (✓) dan kan die intensie van die ingryping ten volle bereik word. (✓)

- As die begunstigdes eienaarskap neem van/inkoop in die program (✓) deur belangstelling in hierdie ingrypings te toon (✓) en 'n sin vir persoonlike verantwoordelikheid kweek, (✓) kan dit die kanse om die program suksesvol uit te voer, verseker. (✓)
- *Enige TWEE van die bogenoemde antwoorde vir VIER punte elk.* (2x4) (8)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou